

LA ROCHELLE GEMEENTE
MATTEUS 13:1-9;18-23

Vriende, baie dankie vir die geleentheid! Deur die Here se verrassende genade, is ons nou al meer as 12 jaar as sendelinge in Japan. Ons leef en werk daar as julle verteenwoordigers, en alleen vanuit julle volgehoue ondersteuning die afgelope jare. Vandag kom sê ons vir julle baie dankie en gee ons terugvoer oor ons werk en lewe.

(Matteus 13)

Ek wil graag vanuit die evangelie volgens Matteus, saam met julle nadink oor hoe God aan die werk is om Sy Koninkryk te laat kom, ook in Japan. Hoofstuk 13 bring 'n draaipunt in die evangelie. Jesus het, so vertel Matteus, altyd in sinagoges mense geleer, maar nou vind ons hom op 'n strand. En verder aan sou dit al hoe meer gebeur dat Jesus buite, op straat en allerhande plekke, mense sou onderrig. Kom ons lees eers verse 1-9.

Dieselfde dag het Jesus van die huis af gegaan en by die see gaan sit. 'n Groot menigte het so om Hom saamgedrom dat Hy in 'n skuif geklim en daarin gaan sit het, maar die mense het almal op die strand bly staan. Hy het hulle baie dinge in gelykenisse vertel en onder andere gesê: "n Saaiër het eendag gaan saai. Met die saai het 'n deel van die saad op die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgepik. 'n Ander deel daarvan het op klipbanke geval, waar daar nie baie grond was nie, en dit het gou opgekom omdat die grond nie diep was nie. Maar toe die son warm word, is dit verskroei, en omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog. 'n Ander deel het tussen die onkruid geval, en die onkruid het opgekom en dit laat verstik. Die ander saad het in goeie grond geval en 'n oes gelewer, party honderdvoudig, ander sestigvoudig en ander dertigvoudig. "Wie ore het, moet luister!"

Toe die dissipels hierna (v.10-17) wil weet hoekom Jesus in gelykenisse praat, antwoord Hy: omdat hulle kyk maar nie sien nie, en hoor maar nie luister en verstaan nie. Daarmee vergelyk hy die skare op die strand met die volk in die tyd van Jesaja, wie se

verstand "afgestomp" was. Maar vir Jesus se dissipels was dit anders: "Maar julle oë is bevoorreg dat hulle sien, en julle ore dat hulle hoor", sê Hy. M.a.w., Jesus het aan hulle die gawe gegee om te verstaan. Om die geheimenis van God se Koninkryk te ken.

Daarom verduidelik hy verder vanaf vers 18:

Luister julle dan na wat die gelykenis van die saaiër beteken. Die Bese kom by elkeen wat die woord van die koninkryk hoor maar dit nie verstaan nie, en vat dan weg wat in sy hart gesaai is. Dit is hy by wie daar op die pad gesaai is. Die man weer by wie daar op die klipbanke gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydschap aanneem. Hy laat dit egter nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie lank uit nie. As hy ter wille van die woord verdruk en vervolgt word, word hy gou afvallig. Die man by wie daar tussen die onkruid gesaai is, is hy wat die woord hoor, maar die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug. Die man by wie daar op goeie grond gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit verstaan. Hy dra inderdaad vrug en lewer 'n oes: soms honderdvoudig, soms sestigvoudig, soms dertigvoudig.

Kom ons luister ook fyn en onderskei wat dit kan beteken vir ons vandag, spesifiek vanuit die leefwêreld van Japan ... waar letterlik 99% van die samelewing nog nie die evangelie van Jesus Christus ter harte geneem het nie. Die oorheersende Shintoïsme, Boeddhistiese en ander godsdienste bied bitter min ruimte vir 'n Christelike lewens-beskouing. Die kerk het geen gevestigde "staanplek" in die gemeenskap nie. Aan die een kant maak materialisme en vooruitgang baie mense apaties teenoor die evangelie. Aan die ander kant is daar 'n onbegrensde openheid vir enige tipe geloofsoortuiging. Dit versmoor soms stilweg die kerk se getuienis.

Terug by die gelykenis in Matteus. Jesus gebruik basies 4 beelde/metafore. Hy begin met die onverskillige, afsydige hoorder ... die een wat hoor van 'n afstand af, en min begryp. Daar is nie sprake van geestelike insig nie. Die saad val **op die harde pad**. En die bese mag van Satan – tipies aan sy aard – steel dit soos 'n dief

in die nag. Hy kom vat weg wat in mense se harte gesaai word.

In Japan het sendingwerk op 'n stadium só gebots met die Japannese denkwyses en kultuur, dat elke lewende Christen wat gevind kon word, uitgeroei is. Tot 1853 is daar vir meer as 220 jaar 'n totale verbod op enige kontak met buitelanders geplaas. Daar was – saam met die algehele sluiting van die land Japannese volkleiers wat gesê het: verloek is die Christelike God, Christene sal nooit weer hulle voete op Japannese bodem sit nie.

Dit was 'n self-opgelegte isolasie in reaksie teen die Rooms-Katolieke kerk se sendelinge van Spanje, wat Japan vroeër wou koloniseer in die naam van Christus. Geen wonder dat baie Japannese vandag nog diep versigtig is vir die evangelie, hoeveel te meer nog as dit met die Weste verbind word nie. Die [afsydige hoorder](#), met uiters min begrip vir die geestelike krag en waarde van die Bybelse verhaal, is welbekend hier. Die saad val oënskynlik meestal op die harde pad. Die [mag van die Bose](#) wat mense verlei deur allerlei ander godsdienste, is 'n realiteit. (tempel) As dié harde pad nie omgedolwe word nie, kan geen saad wortel skiet nie. Dit vra harde werk om dit geduldig en doelgerig te probeer deurdring.

Jesus se gelykenis vervolg met die tweede manier van reageer op die saad van God se Woord in menseleuens. Hy sê dis soos met die man by wie daar [op die klipbanke](#) gesaai is, in die vlak grond. *Dis hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydschap aanneem. Maar, hy laat dit egter nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie lank uit nie. As hy ter wille van die woord verdruk en vervolg word, word hy gou afvallig.*

In Japan is daar dikwels mense wat uiters hofflik sal oop wees om te hoor oor die Bybel of die Christelike geloof. Wat selfs bereid sal wees, as ons hom/haar uitnooi, om kerk toe te kom en met blydschap saam 'n erediens te beleef. Maar die evangelie kry nie regtig vasstrapplek in so 'n persoon se lewe nie. Sodra hulle agterkom dat [Christen-wees opoffering vra](#) en radikale eise aan hulle kan daaglikse lewe en verhoudinge kan stel, kom daar 'n weerstand. Hier is godsdiensvryheid, maar Christene word dikwels

emosioneel [afgesny en uitgestoot](#) - in families, by die werkplek, of in skole. Christenskap vra kruisdra en selfverloëning, dis nie 'n knus gemakstoel wat ons paai nie. Martelaarskap – om letterlik jou lewe op te offer vir Christus – is ook nie onbekend hier nie.

Verder is die onlangse geskiedenis van Japan stampvol voorbeelde van – van atoombomme tot aanvalle op 'n ondergrondse treinstasies - wat op 'n verwronge manier met Christenskap verbind word. Dit maak dit vandag steeds uiters moeilik vir die saad van God se Woord om hier te ontkiem en dieper wortel te skiet. Dis soos die [son](#) wat die gesaaide saad laat verskroei, waarna Jesus verwys. Japan se vlag is ook 'n simbool hiervan: van wat die son verteenwoordig vir die Japannese nasie. [Shintoïsme](#), 'n godsdiens eie aan die land, is basies 'n verering van die songodin. Haar naam is [天照大神](#): tot vandag word die keiser beskou as afstammeling van die songodin.

Dis alles deel van die klipbanke waarmee ons te doen het in Japan. Partykeer voel dit dié klipperigheid in mense se harte maak dit moeilik om iets vrugbaar geplant te kry. As die Gees van God dit nie help verwyder nie, kan die grond nie dieper bewerk word nie. Dis uiteindelik net God wat – die saad wat ons saai en wat wortel skiet het - 'n kans gee op oorlewing.

Die derde vergelyking wat Jesus tref is die man by wie daar [tussen die onkruid](#) gesaai is. Hy/sy hoor die woord, maar twee dinge maak hulle afgestomp daarvoor. Twee dinge is – soos onkruid - voorop in sy/haar gedagtes: die [bekommernis van die lewe](#) en die [verleidelikheid van rykdom](#).

Ons sien in Japan baie mense wat later in hulle lewe tot bekering gekom en gedoop is, maar wie se toewyding aan Christus dan binne 'n paar jaar begin lou raak. Hulle kom soms te staan teen die kritiek of verwerping van familieledede, bv. a.g.v. die feit dat hulle die uiters moeilike besluit moet neem om nie meer hulle voorouers te aanbid deur daaglikse offers by die huisaltaar te bring nie.

In 'n klein gemeente waar ek 'n tydjie gelede gepreek het, is

daar net één van die 16 lidmate wat uit 'n Christen huis kom. Omdat daar baie eerste of tweede generasie Christene is, is die bekommernis van die lewe, die verleidelikheid van rykdom, en die eensaamheid en isolasie faktore hier soos reuse onkruid-monsters wat gesaaide saad verstik en sonder vrug laat.

Japan is 'n hoogs-kompeterende samelewing, wat dikwels die **isolasie en eensaamheid** van Christen-wees verskerp, veral te midde van die pandemie. Om die ontmoediging van uitgestoot-wees-uit-die-groep te hanteer, en om deel te word van die 1% minderheid van Christene, vra baie moed.

MAAR genadiglik is dit die nie einde van Jesus se gelykenis nie. Daar is 'n man, sluit Hy af, by wie daar **op goeie grond** gesaai is, is hy wat **die woord hoor en dit verstaan**. Dis Hy wat **nie onverskillig of afgestomp** homself distansieër nie. Nee, hy waardeer dit wat hy hoor, ag dit na waarde, neem dit ter harte en pas dit toe. Hy **dra inderdaad vrug**. Die saad ontkiem en lewer 'n oes: soms honderdvoudig, soms sestigvoudig, soms dertigvoudig.

Goeie grond saam met die sorgvuldige kweek van die saad wat gesaai is, is 'n wenresep vir 'n rekord oes. Vir haar wat haar hart oopmaak vir God, is die vervulling groot. Vir meeste Japannese is die gedagte dat 'n mens 'n persoonlike verhouding met 'n lewende God kan hê, totaal lewensvreemd. **EN TOG**: deur die onverklaarbare werk van die Heilige Gees - **kan ons getuig ná 12 jaar se harde werk in Japan** - van baie mense wat die Woord gehoor en verstaan het, en wie se lewens getuig van die wonderwerk van die vrug van die Gees wat hulle na Christus gelei het.

Ons is oortuig (uit ervaring) dat langtermyn, ondersteunende, gasvrye, omgee-verhoudings broodnodig is om in Japan as Christen staande te bly! Christen rolmodelle, mentors en vriende wat saam glo ... en wat mekaar bemoedig om in Waarheid en Gees te bly aanbid, is skaars. Daarom sien ons sons rol as bemoedigende ondersteuners wat saam die pad stap saam met soekers en veral jong Christene wat ondersteuning nodig het.

Getuienis: Masashi Toyoda
Getuienis: Satomi Wakamatsu

Ja, die Woord van God vat baie lank om vrug te dra hier. Daar is maar net 160 jaar van Protestantse sendingwerk gedoen. Die kerk waarvan ons deel is – Christelik Gereformeerde Kerk in Japan – het maar 'n bietjie meer as 70 jaar lange geskiedenis. Dis 'n lang en harde pad om harde grond of klipperige areas voor te berei. Soms voel dit of jou rug wil breek in die proses. Dis dit taak van sendelinge, leraars, evangeliste, kerk planters. Dit vra baie geduld, volharding en opoffering. Die oes is groot, maar die arbeiders is uiters min – ongeveer 1 sendeling vir elke 60 000 mense. (Kerkwees in Japan)

Maar dit beteken allermens ons moet handdoek ingooi of moed opgee! Paulus se woorde in Romeine 10:14 bly ons by: *Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?*

Ons word bemoedig deur julle wat ons medewerkers hier is, diep aan mekaar verbind as een liggaam van Christus. Julle bid en dra by! Daarmee saai julle in hierdie harde grond van Japan in. Een saai, een maak nat, God laat groei. Ons is julle gestuurdes en verteenwoordig julle in Japan. Almal kan nie gestuur word om die grond voor te berei nie. Maar deur ons wat mekaar se vennote / medewerkers word, is ons deel van die *Groot Saaier* se Koninkryk tot aan die uithoeke van die wêreld.